

LAER VOLKSKOOL



Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-04-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 12 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

- G - GELOOF
- R - RESPEK
- I - INTEGRITEIT
- L - LOJALITEIT

1 INSKRYWINGS VIR 2017:

Daar is Maandag, 11 April 2016 om 18:00 'n **BAIE BELANGRIKE OUEVERGADERING** rakende die **INSKRYWINGS VIR GRAAD EEN 2017**. Ons nooi alle ouers en vriende wat betrokke is vir 2017, om dit asb as **PRIORITEIT** te hanteer.

2 KOOR:

Daar is vir albei kore oefening hierdie week.

3 SKAAK:

- Daar is Maandag oefening vir die Juniors tussen 16:00 en 17:00 en Woensdag oefening vir die Seniors vanaf 14:30 tot 15:30.
- Al die spelers, vir wie dit moontlik is, moet asb inskryf en deelneem aan die Gegradeerde toernooi wat Saterdag, 16 April by AG Visser aangebied word. Inskrywingsvorme is beskikbaar by Juf Monique.

4 NETBAL:

- Oefening vir die week is soos normaal vir alle spanne.
- Liga wedstryd is op Donderdag, 14 April teen Kollegepark. Ons ry 13:00.

5 **RUGBY:**

- Daar is geen mini-rugby oefening vir Maandagaand, 11 April nie a.g.v. die ouers wat op die veld parkeer vir die Ouer-Inligtingsaand.
- Mini-rugby oefen elke Maandag en Woensdag, dieselfde ty, as daar 'n moontlikheid van reën of swaar weer is, moet u nie eers u kind kom aflaai nie.
- Baie dankie vir almal wat hierdie afgelope naweek deel was van die Super 8 wedstryde. Baie dankie vir elkeen se deelname en vir ons ouers se ondersteuning en gedrag, julle is puik!
- Baie sterkte aan die O/12 en O/13 rugby-spelers wat aan die proewe deelneem.
- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!

6 **PRYSUITDELING WORD UITGESTEL:**

Op Maandag, 18 April 2016 het ons tydens die saalopening ons eerste kwartaal se sport prysuitdeling. Alle deelname aan die verskillende sporte, gaan tydens 'n saalopening erkenning ontvang. Alle sporttoekennings gaan kwartaalliks intern afgehandel word. Leerders wat 'n spesiale prestasie bereik het in 'n sportsoort, gaan dit tydens die Bekroningsaand aan die einde van die jaar ontvang. Hierdie leerders sal dan in kennis gestel word.

7 **SKOOLGELDE:**

Ouers word ernstig versoek om asb die regte **VERWYSINGSNOMMER** te gebruik indien u gelde elektronies (EFT) oorbetaal. Kontak vir Elna indien u onseker is.

8 **WHIZ KIDS VERVOER:**

Veilige en betroubare skool vervoer is beskikbaar. Vervoer van en na die skool en na naskool-aktiwiteite. Daaglik-, weeklik- en maandelikse tariewe beskikbaar. Kontak vir Corlene by 0723546291.

9 **WILDSFEES:**

Ons jaarlikse Wildsfees vind plaas op Saterdag, 4 Junie 2016.

Kaartjies of tente (30 gaste) is beskikbaar by Chrisna.

Vol = R150 per kop; Hoërskool leerders = R80 en Laerskool leerders = R50

10 **KLEREBANK:**

Ons kort asb winter skoolklere veral sweetpakke vir die klerebank.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF